## Les 09 KONINGSKINDERS: DIE HERE OEFEN MOSES OM MENSE TE HELP SONDER ‘N GROOTMENEER-HOUDING

### 1. Het die Here Moses weggegooi?

Verlede keer het ons gesien dat Moses ’n deurmekaar kind was met ’n grootmeneer-houding. Al die rykdom en mag waarin die Here hom veilig laat grootword het, het gemaak dat hy voel hy mag sommer iemand doodslaan. Toe vat die Here al hierdie rykdom, mag en gemak van die paleislewe, by hom weg. Hy moet uit Egipte wegvlug vir die Farao.

Gooi die Here vir Moses nou weg? Kom ons kyk wat doen die Here met Moses!

*“[15] Toe dit by die farao uitkom, wou hy vir Moses laat doodmaak, maar Moses het van hom af weggevlug en in Midian gaan woon. Terwyl hy daar by ’n put sit,[16] het die sewe dogters van ’n priester van Midian kom water skep om die drinkbakke vol te maak en hulle pa se kleinvee te laat suip. [17] Toe daar veewagters aankom en die dogters wegjaag, het Moses opgestaan en hulle gehelp en hulle kleinvee laat suip. [18] Met hulle aankoms by hulle pa Reüel het hy gevra: “Hoe het julle dan vandag so gou gekom?” [19] en hulle antwoord: “Daar was ’n Egiptenaar, en hy het ons gehelp teen die veewagters. Boonop het hy vir ons water geskep en die kleinvee laat suip.” [20] Toe vra die priester vir sy dogters: “Waar is hy? Waarom het julle die man daar laat staan? Gaan nooi hom huis toe om by ons te kom eet.” [21] Moses het ingewillig om by Reüel te kom woon, en is later met sy dogter Sippora getroud. [22] Toe sy ’n seuntjie kry, het Moses hom Gersom genoem, “want,” het hy gesê, “ek woon as vreemdeling in ’n vreemde land.”* Exodus 2

### 2. Moses is ’n vreemdeling in ’n vreemde land

Moses moet wegvlug uit Egipte. Hy vlug tot in die land wat Midian genoem word. Dit is ’n baie groot verandering. Egipte was ’n land met skole, groot stede, perdewaens en mooi huise. Dit was ’n land met die beste skoolopleiding, baie soorte beroepe waarvoor ’n mens kon leer, en wat die sterkste regering in daardie deel van die wêreld gehad het.

Die land waarheen hy vlug is ’n woestyn. Hier bly mense glad nie in stede nie. Hulle bly in tente. Hulle moet ook baie rondtrek in die woestyn op soek na kos vir hulle diere, en vir water, wat baie skaars is. Hulle leef anders, trek anders aan as Moses, en praat ’n ander taal as hy.

Moses is nou ’n vreemdeling in ’n vreemde land. Al sy geleerdheid, al sy goeie opvoeding, al die belangrike mense wat hy in Egipte geken het, tel niks meer nie. Die mense kan ook sommer dadelik sien hy is nie een van hulle nie. Hy is vir hulle ’n buitelander! Hy is die Egiptenaar!

Wat sal julle dink as die Here al julle geld, julle gemaklike lewe in ’n lekker huis, al die belangrike mense wat julle ken en al die voorregte om baie dinge te kan

doen, sommer skielik van julle wegvat? En dit nog omdat julle iets verkeerds gedoen het? Mense dink dan maklik – ek het iets verkeerds gedoen, en nou het ek al hierdie dinge verloor – lyk my die Here het my weggegooi!

Moses kon ook baie maklik so gevoel het – ek is ’n vreemdeling in ’n vreemde land omdat God my weggegooi het oor daardie verskriklike sonde wat ek gedoen het. Ek het iemand doodgeslaan!

**3. Al weer ’n bakleiery!**

Sommer nét toe Moses in hierdie vreemde land aankom, stap hy weer in ’n bakleiery in. Dit is by ’n oase in die woestyn. Het julle al sulke prentjies op die TV gesien? Alles is net sand, nêrens is daar groen gras nie, en dan skielik is daar sulke groen dadelpalmbome by ’n waterfontein. Die mense met hulle bokke en skape het almal na hierdie fontein toe gekom om vir hulle diere water te gee.

Dit werk so! Jy moet met sulke sakke wat van velle gemaak is, die water uit die fontein skep en in drinkbakke uitgooi sodat die skape en bokke kan drink. Toe Moses by die put kom, is daar sewe sussies wat klaar die water vir hulle pa se skape en bokke uitgeskep het, toe kom daar ’n klomp groot, sterk mans en wil hulle wegjaag sodat hulle eie diere die water kan drink.

Dit is iets wat elke dag met hulle gebeur het. Daarom het hulle pa geweet hulle kom maar altyd laat by die huis. Want elke dag laat die groot, sterk bullebakke die sewe vrouens die water uit die fontein skep, en dan jaag hulle hulle weg sodat hulle eie diere dit kan drink. Hulle is te lui om self water vir hulle diere uit die fontein te skep. Die vrouens het nie ’n groot, sterk boetie gehad wat hulle kon beskerm nie.

Moses vlug nou net weg uit Egipte oor die bakleiery tussen die Egiptenare en sy mense, en toe sommer weer die bakleiery tussen sy eie mense. Hier kom hy by die eerste waterput in die vreemde land – en hier is alwéér ’n bakleiery.

**4. Moses help sonder mag en geweld**

Moses sien dadelik dat die vrouens hier ook mishandel word, net soos sy eie mense as slawe mishandel is in Egipte. Moses voel dadelik daar moet iets aan gedoen word, nes in Egipte. Moses voel dadelik hý is die een, en niemand anders nie, wat iets daaraan moet doen, nes in Egipte.

Maar wat is anders as in Egipte? Hy is nie meer die prins van die Farao nie. Hy is nie meer die magtige seun van die paleis nie. Hy is nou een enkele Egiptenaar tussen ’n hele groot klomp vreemde mense. En – hy is nie meer die bullebak met die grootmeneer-houding nie. Hy sien hoe swaar die vrouens kry onder die grootmeneer-houding van die bullebakke.

Wat doen Moses? Hy help die sewe vrouens wat mishandel en misbruik word, sónder om iemand weer dood te slaan met ’n grootmeneer-houding. Terwyl hy self voel hy is vreemd en staan heeltemal alleen tussen al die ander, help hy die vrouens. Hy sorg dat die diere die water kan drink wat die vrouens vir hulle ingegooi het. Moses het sy grootmeneer-houding gelos!

Het die Here vir Moses weggegooi? Kyk wat doen die Here! Die Here vat hom weg na ’n vreemde land en maak dat hy sonder enige mag en krag is. Maar die Here stel hom weer voor dieselfde probleem: hy voel jammer vir mense wat swaarkry en wil hulle help. Nou moet hy hierdie probleem op ’n ander manier oplos as met al die mag en krag van ’n Egiptiese prins. Hy moet nou vrouens wat swaarkry en onregverdig behandel word deur bullebakke net soos hy was, help terwyl hy een en alleen is.

Wat leer ’n mens op hierdie manier?

Op hierdie manier leer jy op die Here vertrou! Al is jy een en alleen in ’n vreemde land, tussen vreemde mense – oefen die Here jou om te doen wat reg en goed is. Al is jy een en alleen – as jy doen wat reg en goed is, sal God se mag en krag jou beskerm en bewaar, en sal God jou versorg.

**5. Die Here versorg Moses as ’n vreemdeling in ’n vreemde land**

Die Here oefen Moses om te doen wat reg en goed is – al is hy net een en alleen. Maar wat doen die Here? Die sewe dogters kom by hulle pa – sommer vroeg al. Hulle pa is skoon verbaas en vra hoekom is hulle so vroeg al by die huis. Hulle vertel hom hoe goed was hierdie vreemde man, wat hulle sommer so een en alleen teen al die bullebakke gehelp het.

Die Here gee ’n groot dankbaarheid in hulle pa se hart. Met hierdie dankbaarheid wil hy dadelik weer goed wees vir Moses. Hy laat haal hom by die oase en nooi hom uit vir ete. En toe besluit hulle pa om sommer vir Moses blyplek te gee. ’n Vreemde man help Moses in ’n vreemde land om weer ’n huis en blyplek te hê!

Moses het toe verlief geraak en met een van die dogters getrou – en so word hy deel van ’n familie, met sy eie gesin, binne-in ’n vreemde land.

Die Here versorg altyd Sy kinders – al is hulle een en alleen in vreemde lande tussen vreemde mense.

**6. Moses oefen om God te vertrou**

Dit is wat God doen. Hy gooi Moses nie weg nie. Hy oefen hom om op die Here te vertrou. Terwyl die Here vir Moses oefen om op Hom te vertrou – versorg hy hom weer in ’n vreemde land, tussen vreemde mense.

God is altyd en orals ons Vader – Hy het Moses as baba gered en veilig in die Farao se paleis laat bly. Toe Moses sonde doen met ’n grootmeneer-houding, het die Here hom nie weggegooi nie. Die Here het sy mag en houding weggevat om hom te oefen hoe om te doen wat reg en goed is – een en alleen tussen vreemde mense. Terwyl die Here hom so laat oefen het – het die Here hom sélf versorg deur die goedheid van ander mense. Nie deur die mag, krag en slimheid wat hy as prins in Egipte gehad het nie.

**7. Die Here oefen ons – een en alleen**

Dit is die manier waarop die Here ons baiekeer oefen – een en alleen. En dit is nie weggooi nie!

As die Here my só oefen – een en alleen moet ek tussen vreemde kinders, vreemde mense, in vreemde omstandighede, besluit en doen wat goed en reg is – sal die Here my bewaar, beskerm en versorg. Hy sal sommer alles wat vir my vreemd is, gebruik om my te versorg, net soos vir Moses.

Daarom – as ons sonde doen en die Here maak dat ons een en alleen is – dan is dit nie weggooi nie. Die Here gooi ons nooit weg nie. Dit is hoe die Here ons oefen om op Hom te vertrou en om te doen wat reg en goed is. Dit is hoe die Here ons leer om sonder ’n grootmeneer-houding, altyd te doen wat reg en goed is vir ander mense.

**8. Opdrag**

Gaan vertel vir julle ouers hoe snaaks was dit – die Here vat Moses van een bakleiery af weg na nog ’n ander bakleiery – sodat hy kan leer om te help en om nie grootmeneer te wees nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog